

2019-09-02

## BELEID : TOEGANG TOT DIE SKOOLTERREIN

### A. MAATREËLS WAT DADELIK VAN KRAG IS

Hierdie beleid is opgestel om die volgende redes :

SOMMIGE .....

1. Ouers wat alle ordereëlings tov die toelating tot die terrein verontagsaam.
2. Ouers wat gedurende kontaktyd (skoolure) sonder toestemming by klaskamers inloop en 'n gesprek/onderhoud van die personeellid vereis.
3. Ouers wat die hekwagte omkoop, verskree, vloek, skel en selfs met aanranding dreig.
4. Ouers wat vinniger as 10 km per uur in die skoolterrein ry.
5. Ouers wat die personeel van ons skool ignoreer en skel as daar aan die ouers gesê word dat hulle nie op die aangewese wagplek wag nie.
6. Ons vra al vir 19 jaar dat ouers die veiligheidsreëls gehoorsaam en nou het ons genoeg gehad van soebat, smee, dreig, ens.
7. Die GDO (Gautengse Departement van Onderwys) se beleid is baie duidelik in die verband: Die hekke word oopgesluit 10 min voor die skool begin en 5 minute nadat die skool vir Gr 4-7 leerlinge uitgekrom het. Ons gee grasie deur die tye van hek oopsluit en toesluit.
8. Indien 'n kind die terrein voor 07:00 in die oggend betree aanvaar ons geen verantwoordelikheid vir sy/haar veiligheid nie. Die personeel se werksure begin eers om 07:15 en die skoolpatroolie en 'n personeellid is vanaf 07:00 aan diens.

Die prosedure werk as volg

- GEEN ouer en ook voertuie word voor skoolure toegelaat om die skoolterrein te betree nie. Die Kleuterskool sal hul reëls ssm aan Kleuterskoolouers deurgee.
- Ouers groet hul kind/ers by die grys hek by die groot boom in Kirchnerweg. Dit is die ouer se verantwoordelikheid om 'n kind by die hek te besorg
- Gedurende skoolure is die enigste plek waar toegang tot die terrein kan verkry word by die sekretaresses se ingang. Indien iemand iets wil aflewer kry hy/sy 'n terreinkaartjie by die sekretaresses en dit sal toegang verleen. Indien daar weer uitbeweeg word sal die hekwag die kaartjie terugneem. Geen personeellid kan gedurende skoolure gesprek word nie tensy die ouer en die personeellid 'n amptelike afspraak gemaak het en waar sodanige personeellid gemagtig is om uit sy/haar klas te wees. Onderhoude begin op die vroegste om 13:45 en toegang word verkry by die sekretaresses se ingang.
- Om 13:15 beweeg Gr 1 en Gr 2 klasse na die grys hek in Kirchnerweg. Daar sal die personeellid die kind/ers laat gaan as die ouer of 'n amptelike afgevaardigde reeds by die hek wag. Indien die ouer of afgevaardigde nie daar is nie sal die kind terugkeer na sy/haar klaskamer en weer om 13:45 na die hek geneem word. Dit beteken dat ouers nie vir hul kind/ers by die krieketveld, of soos ouers sommer net gemaak het, op die stoepe en voor die snoepie wag nie. Die snoepie sal ook na 2e pouse sluit en weer 14:00 oopmaak.
- Om 13:30 sal die Gr 3 leerlinge en personeel dieselfde prosedure volg as Gr 1 en 2 .

- Om 13:45 sal alle kinders (Gr 1-7) wat huistoe moet gaan na die grys hek in Kirschnerweg gestuur word sodat hulle daar deur die ouers of afgevaardigdes afgehaal kan word. **Geen naskoolsentrumbus** sal in die terrein toegelaat word nie.
- Leerlinge wat naskoolse aktiwiteite, van watter aard ookal, moet beoefen gaan meld aan waar hulle moet wees.
- Om 14:00 sal ouers toegelaat word om die terrein binne te kom en wel op die volgende voorwaardes :
- Ouers gaan voorsien word van **2** plakkers wat aan die binnekant van 'n maksimum van twee motors se voorruite geplak moet wees. **Geen plakker, geen toegang. Let wel dat die plakker nie outomatiese toegang vanaf 06:00-14:00 gaan bied nie.** (Sien kolletjie drie hierbo)
- As 'n ouer wil inloop moet hy/sy by die hekwag inteken.
- Enige ander persoon/e, van watter skool/maatskappy ens., sal inteken by die wag.
- Die paveisel aan die Ooste kant van die afdakke is nie parkeerplek nie en geen voertuig word daar toegelaat nie. Die terrein is die Naskoolsentrum se speelplek.

Indien alle ouers nie by hierdie beleid hou en nakom nie sal die volgende maatreëls onmiddellik ingestel word :

1. Alle hekke word dan permanent gesluit en geen voertuig, vir watter doel ookal, sal weer binne die terrain van L/S Westwood toegelaat word nie, selfs nie by sport-, kultuur- en enige ander funksie by die skool nie. Ouers sal dan, soos by alle ander skole in die Oosrand, buite die terrein parkeer en inloop. Ons as skool sal ook nie wagte buite die terrein aanstel tydens sulke funksies nie.
2. Die naam en van van die ouer/s, wat nie by hierdie reëls hou nie, sal in die Wessie Gesels gepubliseer word sodat almal weet hoekom ons sulke drastiese maatreëls instel.

Hierdie beleid is deur die bestuur van die skool in samewerking met die Beheerliggaam opgestel en is vanaf Maandag 2 September 2019 geldig.

A VAN RENSBURG  
PRINSIPAAL

G.C. NEL  
VOORSITTER



2019-09-02

Geagte Ouers

U ontvang vandag die **BELEID VIR TOEGANG TOT DIE SKOOLTERREIN**. U moet asb die beleid baie noukeurig deurlees en ernstig aandag skenk aan dit wat daarin vervat is. Ons gaan baie streng optree teen ouers wat nie hieraan gehoor gee nie.

Hierdie is nie 'n dreigement nie maar wel 'n belofte. Daar gaan geen korrespondensie en of gesprek hieroor gevoer word nie.

Teken asb die **ANTWOORDSTROKIE** en stuur terug teen Woensdag 4 September 2019. Indien ons nie die antwoordstrokie teen 4 September 2019 terug ontvang nie word u summier die terrein verbied totdat ons u strokie het.

Groete

A VAN RENSBURG : PRINSIPAAL

-----

Datum : \_\_\_\_\_

Hiermee erken ek \_\_\_\_\_

ouer/voog van \_\_\_\_\_ Graad : \_\_\_\_\_

dat ek die **BELEID VIR TOEGANG TOT DIE SKOOLTERREIN** gelees het en verstaan het.

\_\_\_\_\_

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG